# DIE SWART LUIPERD

No. 35
Manne van
die Maan



braam le roux

Die Luiperdman beweeg stil deur die ruigtes en telkens besnuif hy die lug. Toe hy omkyk, is Simson agter hom, en die Luiperd se oë gloei groenagtig n boosaardig. Dit duur nie lank voordat die Luiperdman gedempte stemme hoor nie. Hy stel dadelik vas uit watter rigting die klank kom en bestyg dan die eerste boom. Lig swaai hy van tak tot tak terwyl Simson onder hom nader sluip.

Die klank van pratende stemme word luider en eindelik kyk die Luiperdman op die kamp neer. Hy sien dadelik dat daar vier inboorlinge is. Een van hulle sit voor 'n tent met 'n geweer. Een sit op 'n miershoop en hy lyk uiters opgewonde en hy praat vinnig en dringend. . . .

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Berge van die Maan | 3 |
| 2. | Wie is die Maanmense? | 12 |
| 3. | Skuimende Waters | 22 |
| 4. | Die Skurwe Dood | 31 |
| 5. | 'n Raaisel Opgelos | 40 |
| 6. | Geheimsinnige Sending | 50 |
| 7. | Die Reuk van Moordenaars | 60 |
| 8. | By die Poorte | 71 |
| 9. | Seuns van die Donder | 82 |

## Hoofstuk 1

### BERGE VAN DIE MAAN

Bennie Fouché, sesjarige seun van Leon Fouché, die Swart Luiperd, swem vinnig deur die helder water in die seekoeigat. Die water spat met 'n boog na bo wanneer hy sy voete vinnig en baldadig heen en weer skop.

Die son is nog nie op nie, maar in die ooste is die sekere voorteken dat die dagvors aan die ontwaak is. Die punte van die verre berge is reeds in 'n ligrooi kleur gedoop. Bo in die reuse-bome van die oerwoud gluur apies nuuskierig na die swemmende seuntjie, en voëls van allerhande kleure maak musiek dat dit 'n naarheid is.

Bennie swem uitgelate. Hier in die seekoeigat is hy nie bang vir krokodille nie, want dit is eintlik die "private swembad" van die Swart Luiperd. Die rivier vloei sowat vyftig tree van die gat verby. Daar gaan 'n klein inlopie van die rivier af na die seekoeigat, maar hierdie lopie is nou opgevul met takke en allerhande ander versperrings sodat krokodil se kind nie in hierdie lopie van die rivier af na die seekoeigat kan opswem nie.

Bennie duik verskeie kere en na 'n rukkie trek hy hom op die wal uit en gaan lê op sy sy na sy asem en hyg. Hy kyk in die rigting van twee groot rotse wat tussen die geboomtes die lugruim introon. Dit is swart rotse op 'n klipperige hoogtetjie. Die rotse staan dig bymekaar, soos twee reuse uit graniet gekap. Tussen die twee slank rotse op die hoogtetjie staan 'n bamboeshuisie van vier vertrekke. Die bamboeshuisie verdwerg daar tussen die twee majestueuse rotspilare wat die lug inreik.

Die bamboeshuisie is swart, swart soos die rotse waarlangs en waarop hy staan. Om die rotse en die bamboeshuisie groei die woudreuse vas en welig. Net in die onmiddelike omgewing van hierdie rotspilare is daar 'n oop ruimte. Dit lyk skoon en netjies om die rotse met slegs een wildspaadjie wat na een van die rotse af lei. Om hierdie rotse en huisie krioel die derduisende wild en roofdiere. Olifante trek soms in die nabyheid van hierdie bamboeswoning verby, sonder dat hulle bewus is van die bestaan daarvan. Jaggeselskappe het al hier digby, geen twintig tree van die bamboeshuisie nie, verbygetrek sonder dat hulle die huisie opgemerk het. Dit is hier, verskuil tussen die woudreuse en bewaak deur die

granietreuse, waar die Luiperdman, Bennie en Sonet woon. Twee tot drie keer in die jaar kom die Luiperdman, Bennie en Sonet hier na die oerwoud, die tuiste van die Swart Luiperd, waar die inboorlinge hom die goeie Bosgees noem, of die Tierman wat nooit sterf nie. Leon Fouché is egter meer dikwels in die oerwoud as Sonet en Bennie, maar dan woon hy nie in hierdie bamboeshuisie nie, maar dan is die bosse en veld, waar hy ook al mag kom, sy tuiste. Drie weke gelede het Sonet en Bennie egter hier in die oerwoud aangekom, 'n paar dae nadat die Swart Luiperd van 'n ekspedisie deur die oerwoud teruggekeer het.

Sonet geniet die gesing van die voëls en die geroep van die bobbejane en ape terwyl sy nog half in droomland verkeer. Bennie is hier in die oerwoud egter gereeld om vieruur of vyfuur op. Dit is die tyd wanneer die oerwoud in 'n paradys van geluide omskep word. En dit is ook die tyd om te jag, want net voor sonop, in die skemering van die nuwe dag, kom duisende bokke van allerhande soorte by die rivier water drink. Daar is 'n paar koedoes en waterbokke wat die seekoeigat, die Luiperdman se swembad, as hulle drinkplek verkies, maar hulle is reeds so mak dat hulle nie eintlik vir die Luiperdman en sy gesin padgee nie. Hulle word natuurlik nie geskiet nie, want Bennie beskou hulle as sy vriende. Selfs nie Spikkels, die luiperdwyfie, en Simson, die mannetjie, sal droom om hierdie mak bokke storm te loop nie. Nee, as hulle gaan jag, draf hulle by hierdie bokke verby na die digte oerwoud om hulle vleis te gaan haal.

Bennie lê nou op sy maag en hy beskou die twee koedoes wat ewe rustig 'n paar tree van hom af aan die blare van die bome staan en peusel. Die een is 'n groot koedoebul met sierlike horings, en dit verskaf Bennie genot om na die ou grote se grasieuse bewegings te lê en kyk. Vir Bennie lyk die ou bul so aansitterig, net asof hy weet dat hy gespierd en 'n sieraad vir die oerwoud is.

Geen tagtig tree van die koedoes af nie, lê Simson en Spikkels op 'n klipplaat. Hulle is wawyd wakker en hulle oë is op die digte woud gerig wat die rivier omsoom.

Op 'n rots, sowat vyf tree van die deur van die bamboeshuisie, sit nog 'n gestalte, ywerig besig om pyle op 'n leiklip skerp te maak en daarna versigtig met slanggif te verf. Dit is die Luiperdman. Hy sit daar sonder sy gebruiklike mondering en af en toe is sy blou oë gerig op die naakte lyfie van Bennie wat ewe behaaglik op die gras lê en wag dat die son hom moet bak. Die Swart Luiperd se bolyf is kaal net soos Bennie s'n, en terwyl hy met die pyle werskaf, tintel die spiere op sy liggaam. Dit is net die lede van sy gesin wat die Luiperdman ooit so sien. Selfs Bennie draai hom nou om om die pragtige liggaam van die Luiperdman te bewonder. Gewoonlik sien hy Leon Fouché maar soos die oerwoudbewoners en die inboorlinge hom sien, met sy swart mondering en sy luiperdmasker wat hom na 'n tweebenige dier-mens laat lyk.

Bennie verlustig hom in die spel van spiere op Leon Fouché se atleties geboude liggaam. Soos Leon daar sit, lyk hy nie soos die bekende wilde man van die oerwoud nie, soos die Tierman met sewe lewens nie, die Nemesis van die oerwoudskurke nie. Hy lyk eerder na 'n beskaafde mens met vakansie. Sy vel is wit, sy pikswart hare is glad agteroor gekam. Dit is net sy soekende helderblou oë, sy lewendige, wakker blik wat verraai dat hy 'n seun van die oerwoud is. Dit is net daardie hunkering in sy oë wanneer hy na die verre berge kyk, wat verraai dat hy nie 'n stadsmens is nie, wat verraai dat hy die vyand van ingehoktheid en van oorbeskawing is.

Daardie blou oë van Leon laat Sonet en Bennie soms dink aan die blik in die groen oë van 'n tier wanneer sy stertkwispelend oor haar welpies waak. Daardie oë kan soms rustig wees; soms kan dit soos die van 'n roofdier, kwaadaardig fonkel, en soms sien Bennie en Sonet die heimwee in daardie oë, heimwee na die ver plekke in die oerwoud tot waar die beskawingsgeluide nog nooit deurgedring het nie.

Bennie weet dat Leon bewus daarvan is dat hy hom dophou en dat hy maar net maak of hy hom nie raaksien nie.

'n Bondel pyle is reeds goed skerpgemaak en die gif wat Leon aan die pylpunte smeer, is net sy geheim en die geheim van die Boesmans van die dorre vlaktes van Suid-Afrika waar hy, die Luiperdman, die kuns geleer het om die sap van 'n sekere woestynplant te meng met die gif van 'n adder of 'n mamba. Hy smeer egter nie gif aan al die pylpunte nie. Party van die lang pyle kry geen gif nie, maar wanneer die Luiperdman sy boog styf span en een van daardie lang pyle los, is daardie pyl op honderd-en-twintig tree nog dodelik.

Vandag is dit jagdag, maar die Luiperdman is vanoggend later as

ander oggende. Die twee tiers wat gewoonlik saam op jag gaan, is reeds ongeduldig, maar nie Bennie nie. Hy geniet die vars oggendlug en die verkwikking wat die koel helder water aan hom gebring het.

Leon staan eindelik op met die boog in sy hand en rek hom uit. Dan glimlag hy en roep na Bennie:

"Is jy gereed, Bennie? Ons gaan nou!"

Bennie spring dadelik op en die twee tiers grom en spring uitgelate soos twee mak honde om die naakte seuntjie. Die koedoes skrik effens en die ou grote met sy gekronkelde horings staan vinnig opsy, maar gaan dan weer aan die wei wanneer hy merk dat dit maar net die wilde man, sy seun en tiers is wat op die punt staan om te gaan jag.

Leon hardloop die bamboeshuisie in om vir Sonet te gaan sê dat hy en Bennie op pad is. Skaars verdwyn hy egter in die huisie of 'n tamboer dreun ineens swaar deur die bosse. Die dreuning kom van ver en huiwer deur die digte lower. Ineens is die voëls stil en die bobbejane en ape sit met skewe koppe aandagtig en luister. Selfs die groot koedoebul het sy kop omhoog geruk en staan nou roerloos langs die jong wildevyeboom en luister, luister asof hy die boodskap van die oerwoudtelegraaf wil ontleed. Met sy boog nog in sy hand verskyn Leon weer in die deur van die bamboeshuisie. Hy kyk ver oor die boomtoppe heen van waar die gedreun van die tamboere kom. Leon weet egter dadelik dat hierdie tamboere nie sommer net hier van anderkant af opklink nie. Daardie tamboere dreun myle ver, maklik vyf myl van hier af. Maar omdat die oggend nog stil is, skoon van swaar geluid, trek die klank soveel verder.

Die dreuning is helder en duidelik en toe dit ophou, kom Bennie aangehardloop.

"Wat sê hulle Leon?"

"Ek is nie seker nie, Bennie. Laat ons wag vir die volgende slae wat nou-nou behoort op te klink."

Dit is soos nuus in die oerwoud versprei word. Die boodskap word van stat tot stat gedra deur die tamboerslaners. Leon weet goed dat hierdie slae wat hulle so pas gehoor het, van Longala se stat, vyf myl met die rivier op, afkomstig is. Nou-nou sal die stat





van Embie, twee myl van Leon se bamboeshuisie af, wat die boodskap opgevang het, dit heruitsend, sodat Leon dit duideliker kan hoor.

Bennie staan nou langs Leon en Leon laat sy hand op die seun se skouer rus. Hulle wag nie lank so nie. Dit kom ineens weer, hierdie keer swaar dreunend, asof die tamboerslaner geen honderd tree van hulle af is nie. Bennie verbeel hom dat die geluid die bamboeshuisie soos die gerammel van swaar donderweer laat tril. Bennie weet genoeg van die rasse van die oerwoud om vas te stel dat daardie boodskap op een van die grootste tamboere uitgestuur word.

Die gedreun hou op.

"Wat is dit, Leon? Gevaar?"

"Jy is al groot genoeg en al lank genoeg in die oerwoud om die tamboerslae self te ontsyfer."

"Wel .... ek weet .... ek weet dit is nie gevaar nie. Hulle praat egter van iemand wat die Luiperdman wil spreek, maar verder ... verder weet ek nie."

"Daardie tamboere, Bennie, het slegs vyf woorde uitgestuur. As ons dit nou woord vir woord moet vertolk, het die volgende woorde oor die lug gekom: "Luiperdman ... boodskapper ... grootwitman .... siek .... Longala." In meer sinvolle taal sou dit beteken: "Ons roep die Luiperdman. 'n Boodskapper van die Kommissaris lê siek in die stat van Longala."

Bennie lag heerlik.

"Ek weet. En dit beteken dat Leon na Longala se stat moet gaan, want die boodskap is vir hom."

"Reg geraai, Bennie."

"As jy gaan, gaan ek saam Leon," haak Bennie af.

"Nee, Bennie, jy kan nie saam nie. Jy moet iets gaan skiet, alleen, en dan moet jy by Sonet bly. Daardie boodskap is dringend."

Bennie se mond trek op 'n tuit.

"Maar die tamboere het nie gesê dit is dringend nie."

"Jy ken nog nie die inboorlinge van Afrika nie. Hulle is nooit haastig nie. As dit nie dringend was nie, sou hulle eers die siek boodskapper gesond laat word het en hom dan verder gestuur het met sy boodskap, maar die feit dat hulle die boodskap met die tam-

boere deur die lug stuur, is 'n duidelike bewys dat die boodskap dringend is en dat Longala my dringend ontbied."

Bennie weet dat dit nie sal baat om verder daarop aan te dring om saam te gaan nie. Toe Leon dus weer omdraai en hulle oerwoudhut binnegaan, stap hy agterna. In een van die vertrekke trek die Luiperdman vinnig en gou sy oerwoudmondering aan en binne enkele sekondes kyk Bennie in die aangesig van 'n luiperd. Enige jagter wat nie die onderste gedeelte van die Luiperdman se liggaam sien nie, sal daardie grynsende tierkop vir 'n werklike swart luiperd aansien, so natuurgetrou is dit.

"Wanneer, Leon, gaan jy vir my so 'n mondering maak?"

Leon lag agter sy luiperdmasker.

"Ek gaan dit nooit vir jou maak nie, Bennie. Eendag sal jy dit self doen, wanneer jy daarna voel en wanneer die oomblik aangebreek het."

Hierdie woorde begryp Bennie glad nie en hy frons. Die Luiperdman lag net en dan skree hy vir Sonet:

"Jy het die boodskap gehoor, Sonet. Die stat van Longala ontbied my. Ek gaan gou met Donker. Spikkels en Simson bly hier. Bennie gaan vir ons iets skiet, maar moet nie dat hy ver gaan nie. Hier is baie duikers tussen die riete langs die rivier."

Sonet loer met haar bos pikswart hare en bruin oë om die hoek van die vertrek waarin sy geslaap het. Sy glimlag hom toe en skree hom agterna toe hy by die deur uitglip, met sy mes in die skede aan sy regtersy en boog en koker met pyle op sy rug.

"Wanneer is jy terug?"

"As die boodskap baie, uiters dringend is, gaan ek deur om die Kommissaris te sien."

Die Luiperdman hardloop reg op die takkraal en die afdakkie van sterk pale en bas af wat as stal vir Donker, die swart hings, dien. Binne enkele oomblikke het die Luiperdman die perd opgesaal en lei hy hom na buite. Donker het dae laas behoorlik oefening gehad en daarom proes die gesoute perd uitgelate, want hy weet klaar dat hy en sy tweebeen-maat êrens heengaan.

Toe die Luiperdman op Donker se rug swaai, staan Bennie en Sonet in die deur van die bamboeshuisie en wuif vir die Luiperdman tot siens. Donker spring dadelik weg en toe hulle tussen die





bosse verdwyn, galop die perd alreeds.

Bennie staan vir 'n oomblik na die hoewegeluid en luister en dan kyk hy op na Sonet.

"Sonet, Leon sê hy gaan nooit vir my 'n luiperdmondering maak nie."

Hy sê dit vraend.

"Ek het gehoor dat hy dit gesê het, Bennie. Dit is mos reg. Is jy dan ook van plan om so oerwoud-mal soos ek en Leon te word?"

"As ek groot is, Sonet, wil ek op geen ander plek bly nie. Ek wil die oerwoud dieper en dieper intrek, tot by die plek waar die reënboog aan die aarde raak."

Sonet skud haar kop. Sy weet klaar dat daardie knaende hunkering na die dinge agter die horison ook in Bennie se hart woel.

"Wel," is al wat Sonet uitkry en sy trek haar skouers op en stap die hut binne.

Bennie volg haar.

"Leon sê ek sal die mondering nog eendag self maak, as ek lus het en die tyd aangebreek het? Wat .... wat beteken dit, Sonet?"

Sonet sug en daardie sug kom diep uit haar hart. Sy dink ineens aan die dood. Sy dink plotseling daaraan dat alles verbygaande is; dat selfs die rustigheid van die oerwoud eendag vir Leon sal verdwyn. Hy sal nie vir altyd hier in die ongerepte natuur bestaan nie, hierdie idilliese lewe kan voer nie. Die inboorlinge beskou hom as die onsterflike Bosgees, maar helaas, hy is dit nie. Toe sy eendag die vrees teenoor Leon uitgespreek het dat sy bang is dat hy eendag moet doodgaan, en dat sy en Bennie dan alleen sal agterbly, was Leon se antwoord:

"Daar is nie so 'n ding soos sterwe nie; niks sterwe werklik nie. Die barbare is reg ..... net hulle verstaan die onsterflikheid verkeerd. As ek en jy hier sterf, lewe ons voort in Bennie."

Sy kon daardie woorde toe nie verstaan nie en ook nou begryp sy hulle nie, maar sy weet dat Leon vas glo dat Bennie na sy, Leon, se dood, in die oerwoud sal voortleef as die Swart Luiperd. En dit is wat hy met sy woorde aan Bennie vanoggend bedoel het. As die tyd daarvoor ryp is!

"Sonet, ek weet," kry Bennie ineens self die antwoord op sy vraag. "Ek weet, Leon bedoel dat ek hy sal word, dat Bennie Leon

sal word. Leon meen dat ek eendag self my mondering sal maak en in die oerwoud agterbly. Dit sal wees wanneer Leon die dag weg sal wees."

Sonet glimlag en sy druk 'n soen op Bennie se voorkop. Sy weet dat Bennie reeds weet dat die dood op alles wag ... op mens en dier. Hy voel reeds sy roeping aan .... die voortsetting van die Luiperdman se lewe hier in die oerwoud.

"Jy is seker reg, Bennie. Nou kan jy gaan jag. Skiet net een bokkie met jou pyl en boog en moet nie verder gaan as die rivier nie. Neem vir Spikkels saam. Laat Simson hier bly."

Bennie hardloop trots na sy boog en pylekoker wat teen die muur hang. Hy raap dit af en skree uitgelate:

"Hoerê, ek gaan alleen jag! Ek is die Luiperdman!" Hy vat skielik aan sy nat broekie en vervolg dan: "Net jammer ek het nie 'n mes nie. Leon moet vir my 'n mes saambring. Hoerê, vandag is ek die Luiperdman!"

Hy spring by die deur uit en hardloop in die rigting waar Simson en Spikkels maar weer geduldig op die klipplaat lê. Sonet roep dadelik vir Simson en Bennie vat Spikkels aan die oor en lei haar so 'n entjie daaraan agter hom aan. Die tierwyfie snap egter gou dat sy saam met Bennie gaan jag, en ruk haar los en spring voor Bennie uit. Bennie volg haar en weldra verdwyn hulle albei tussen die groen lower.

Bennie het reeds sy boog in die hand en pas nou 'n pyl in posisie, want hy weet dat hy gereed moet wees wanneer 'n bokkie skielik opspring. Spikkels sal hom betyds waarsku as daar gevaar is.

Ongeveer vyftig tree tussen die bosse in gaan lê Spikkels ineens plat op haar maag en begin haar stert heen en weer swaai. Bennie steek dadelik vas en dan kom hy stadig nader. Hy weet dat Spikkels iets gewaar het, iets om te eet. As dit gevaar was, sou sy nie so gaan lê het nie, maar binnensbuik gegrom het.

Bennie kniel hier langs die gespikkelde kat en dan kyk die outjie deur die blaregordyn, maar hy kan niks gewaar nie. Dit is net blare en takke. Bokant hom het die voëls egter opgehou fluit en hy weet nou dat die bokkie, as dit een is, ook al teen hierdie tyd onraad gemerk het.

Hy kruip nog 'n bietjie vorentoe en dan druk hy die takkies weg.





Hier voor hom by die water staan 'n steenbokkie senuweeagtig en rondkyk. Die diertjie se tenger voorpootjies staan in die water. Bennie skuif reg en dan vat hy korrel. Langs hom beweeg Spikkels nie, maar die kat is gereed om vorentoe te skiet as hierdie skoot van Bennie nie tref nie.

Bennie los die boogsnaar en die pyl fluit vorentoe. Die pyl tref die bokkie agter die linkerblad. Die diertjie spring in die lug en dan skiet dit met pyl en al tussen die bosse in. Spikkels is egter met 'n gegrom weg en voordat die bokkie tien tree kon vorder, klap Spikkels sy nek met een hou van sy voorpoot morsaf.

Bennie hardloop agterna en toe hy op die steenbokkie afstaar, voel hy soos 'n man wat vir die huishouding sorg. Hy weet egter goed dat as dit nie vir Spikkels was nie, hierdie bokkie seer sekerlik sou weggekom het. Hy het dus nog nie genoeg krag om die boogsnaar ver genoeg uit te trek nie, maar eendag, dink hy, eendag sal hy genoeg krag hê om 'n koedoe dood te skiet.

Bennie sukkel om die pyl agter die blad van die steenbokkie uit te kry. Hy steek die pyl weer in die koker terug en dan laat hy Spikkels die steenbokkie dra. Hy loop egter nie terug huis toe nie, maar stap al langs die rivierwal in 'n westerlike rigting.

Skielik steek hy vas. Sy blik val op die groot rotsformasies wat hier agter die bosse die lug insteier. Hy het eendag vir Leon gevra of hy al by daardie berge was, en toe het Leon gesê:

"Dit is die berge van die maan daardie. Daar bly die Grotmense. Dit is anderkant die rivier."

Dit het Bennie nuuskierig gemaak en hy het gevra:

"Kan ons eendag .... eendag soontoe gaan?"

"Nee, as jy eendag groot is, kan jy die Berge van die Maan maar self gaan besoek.'

"Is die Grotmense kwaai?"

Leon het sy kop geskud en gelag.

"Nee, hulle is goeie mense, maar hulle hou daarvan om in vrede te lewe."

En nou dink Bennie ineens aan die Grotmense. Hy kry skielik 'n plan en kyk terug. Spikkels staan hom grommend en aanstaar. Plotseling fluister Bennie: "Spikkels, gooi neer daardie bokkie. Kom ons gaan kuier vir die Grotmense."